Volks Konsilie – Vryburg 2025

**Esegiel 14 :7-9                    18-04-2025**

Die video is beskikbaar op: YouTube: Geloftevolk op pad na vryheid.
https://youtu.be/qjD2_-AGcr0?si=gV3mscg1gtrGpWsR

**Goeiedag weereens Volksgenote, Gelofte genote. Aan my is gegee Esegiel 14 vers 7-9.**

Ek het alreeds in my vorige referaat ook kortliks hierheen verwys. Die onderwerpe wat partykeer half oorvleuel is maar net bevestiging van hoe belangrik daardie onderwerpe vir Vader is.

**Esg 14:1** Daarop het manne uit die oudstes van Israel na my gekom en voor my gaan sit.
Esg 14:2 Toe het die woord van JHWH tot my gekom en gesê:
Esg 14:3 Mensekind, hierdie manne het hulle drekgode in hulle hart opgeneem en die struikelblok tot hulle ongeregtigheid voor hulle aangesig neergesit—sou Ek My dan werklik deur hulle laat raadpleeg?
Nou wat is al hierdie drekgode? Volgens die KJV word dit vertaal as IDOLS. MAW krismis, valentine, paashaas, rugby of eintlik die meeste sportsoorte wat so opgeblaas word op tv, geld, En dan gaan ek ook nou maar noem, Sabbatte, besnydenis, lamslag, name, doop. Ensovoorts

Hoekom noem ek dit ook drekgode oftewel idols? Want vir sommige mense is die een aspek vir hulle die alfa en omega. Bv as jy nie besny is nie, mag jy nie saam met my aanbid nie. Ander weer as jy nie gedoop is nie, is jy nie welkom by my nie. So kan ek aangaan met die drekgode of afgode van die volk. Wat n hartseer saak is dit nie. Die punt word totaal gemis. Dis soos ek altyd se dit is soos wanneer ons daardie cowboy en crook speletjie gespeel het. VAL OF EK SPEEL NIE MEER SAAM NIE

Esg 14:4 Daarom, spreek met hulle en sê vir hulle: So spreek die Almagtige JHWH: Elke man uit die huis van Israel wat sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe

kom—Ek, JHWH, sal hom daarvolgens, volgens die menigte van sy drekgode, antwoord gee;

Esg 14:5 sodat Ek die huis van Israel in hulle hart kan gryp, omdat hulle almal deur hul drekgode hul van My afgewend het.

Esg 14:6 Daarom, sê aan die huis van Israel: So spreek die Almagtige JHWH: Bekeer julle en wend julle af van julle drekgode en wend julle aangesig af van al julle gruwels.

Hier kom nou die gedeelte wat deur Vader goedgekeur is.

Esg 14:7 Want elke man uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat in Israel vertoef, wat hom afsonder en My nie navolg nie en sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe kom, dat dié My vir hom kan raadpleeg—hom sal Ek, JHWH, self antwoord gee.

Esg 14:8 Ek sal my aangesig rig teen dié man en hom tot 'n teken en 'n voorwerp van spot maak, en Ek sal hom uitroei uit die midde van my volk; en julle sal weet dat Ek JHWH is.

Esg 14:9 En as die profeet hom laat verlei om 'n woord te spreek—Ek, JHWH, het dié profeet verlei, en Ek sal my hand teen hom uitstrek en hom verdelg uit die midde van my volk Israel.

Hierdie gedeelte is n geweldige gewigtige saak voor Vader. Hierdie is n vreeslike waarskuwing vir die wat hom afskei. Ons loop al n lang pad sedert 2009 met hierdie Saak. Vader is besig om n pad voor te berei vir die Volk. Elkeen wat dit nie verstaan , nie sal hopelik vorentoe verstaan. Daarom moet ons as GKK so versigtig wees om Vader in opregteheid en in kinderlike onskuld te nader. Die aanklag is dan juis as ons Vader raadpleeg na die hart van iemand, ons die gevolge sal dra. Kom ek lees die betrokke gedeelte weer

Esg 14:7 Want elke man uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat in Israel vertoef, wat hom afsonder en My nie navolg nie en sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe kom, dat dié My vir hom kan raadpleeg—hom sal Ek, JHWH, self antwoord gee.

Esg 14:8 Ek sal my aangesig rig teen dié man en hom tot 'n teken en 'n voorwerp van spot maak, en Ek sal hom uitroei uit die midde

van my volk; en julle sal weet dat Ek JHWH is.
Esg 14:9 En as die profeet hom laat verlei om ‘n woord te spreek—Ek, JHWH, het dié profeet verlei, en Ek sal my hand teen hom uitstrek en hom verdelg uit die midde van my volk Israel.

Hieruit kan ons sien hoe belangrik dit is om gefokus te bly en die heeltyd Vader se wil tewete te kom.

Dan wil ek ook vir ons lees uit Mat 5 vanaf vers 1

**Mat 5:1** En toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim; en nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom gekom;
Mat 5:2 en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê:
Mat 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
Mat 5:4 Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.
Mat 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.
Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.
Mat 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
Mat 5:9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
Mat 5:10 Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
Mat 5:11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.
Veral vers 5 is belangrik dat ons moet weet dat ons maar net moet aanhou waarmee ons besig is, want ons weet dat dit Vader se wil is, Dit maak nie saak wat daar van ons gese word nie.

Terug na Esegiel

Esg 14:10 En hulle moet hul ongeregtigheid dra: soos die ongeregtigheid van die vraer, so sal die ongeregtigheid van die profeet wees;
Esg 14:11 sodat die huis van Israel nie meer agter My wegdwaal nie en hulle nie meer verontreinig met al hul oortredinge nie. Dan sal hulle My volk wees, en Ek sal hulle ELOHIM wees, spreek

JHWH.
Esg 14:12  Verder het die woord van JHWH tot my gekom en gesê:
Esg 14:13  Mensekind, as ‘n land teen My sondig deur troubreuk te begaan, en Ek my hand daarteen uitstrek en die staf van die brood daarvan verbreek en ‘n hongersnood daarin stuur, en Ek daaruit mens en dier uitroei—

Hoe het hierdie Volk nie teen ons Vader troubreuk gepleeg nie. Die Verbond met ons gesluit, by Bloedrivier word verag en geminag. Hoe wil ons dan he dat Vader Sy Hand oor hierdie land moet hou. Daar is wel n oplewing in die bywoning van Gelofte feeste, maar die outentieke Gelofte word nie erken nie. Dit wat oor ons Vaders se lippe gegaan het word verdraai. Ek klink vandag soos n doemprofeet, maar dit kan nie anders nie. Die woord moet uit, die Volk moet tot bekering kom, en dan SAL Vader ons uitred soos belowe in die Skrif.

Esg 14:14  al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulle eie siel red, spreek die Almagtige JHWH.
Esg 14:15  As Ek wilde diere in die land laat rondswerf, dat hulle dit kinderloos maak en dit ‘n wildernis word, sodat niemand daar deurgaan vanweë die wilde diere nie—
Esg 14:16  al was hierdie drie manne daarin, so waar as Ek leef, spreek die Almagtige JHWH, hulle sou geen seuns of dogters red nie; net hulle sou gered word, maar die land sou ‘n wildernis wees.
Esg 14:17  Of as Ek die swaard bring oor daardie land en sê: Laat die swaard deur die land trek! en Ek daaruit mens en dier uitroei—
Esg 14:18  al was hierdie drie manne daarin, so waar as Ek leef, spreek die Almagtige JHWH, hulle sou geen seuns of dogters red nie, maar net hulle sou gered word.
Esg 14:19  Of as Ek pes in daardie land stuur en my grimmigheid daaroor uitgiet in bloed, om daaruit mens en dier uit te roei—
Esg 14:20  al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, spreek die Almagtige JHWH, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red.
Esg 14:21  Want so sê die Almagtige JHWH: Hoeveel te meer as Ek my vier kwaai gerigte, swaard en hongersnood en wilde diere en

pes, op Jerusalem afstuur om daaruit mens en dier uit te roei!

En kyk nou hierdie Wonderlike Belofte van Vader.

Esg 14:22 Maar kyk, daarin sal oorbly wat ontvlug, wat uitgebring word, seuns en dogters; kyk, hulle kom uit na julle toe, dat julle hulle weg en hulle handelinge kan sien, en julle getroos kan word oor die onheil wat Ek oor Jerusalem gebring het, oor alles wat Ek daaroor gebring het.

Esg 14:23 Ja hulle sal julle troos as julle hulle weg en hulle handelinge sien; en julle sal weet dat Ek nie tevergeefs alles gedoen het wat Ek daarin gedoen het nie, spreek die Almagtige JHWH.

Daarom kan ons maar net aanhou waarmee ons besig is.

Prys Sy kosbare Naam wat vir Ewig sal bly staan.

Baie dankie

Kobus Botes